

a is vir appel,
kraakvars in jou mond.
Eet een elke dag,
dan bly jy mooi gesond!

Aa

Groot A se bene
staan wydsbeen op die grond.
Klein a se magie
is so boep en rond.

Vragies oor die rympie:

-A is vir ...? appel

-Hoeveel keer moet jy 'n appel eet? Een keer elke dag.

-Wat gebeur as jy 'n appel elke dag eet? Jy bly mooi gesond.

-Hoe lyk klein a se magie? Boep en rond